# J. H. H. DE WAAL SE AANDEEL AAN DIE AFRIKAANSE TAALSTRYD

(±1890 tot ±1915)

H. A. Lambrechts

The University of Cape Town

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. in Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad.

1949.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

The University of Cape Town

INHOUD

HOOFSTUK 1 .............................. p.1 tot p.12

Die Algemene Taaltoestande aan die Kaap teen die einde van die neëntiende en die begin van die twintigste eeu.

(a) Die Ondergang van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging ..p.1

(b) De Waal se optrede voor en gedurende die Oorlog .......p.4

(c) De Waal se optrede na die Oorlog .....................p.7

(d) Die Taalbond en Taalvereenvoudiging ................. p.11

HOOFSTUK 11 p.13 tot p.33

Vanaf die stigting van „De Goede Hoop" (1903) tot voor die stigting van die A.T.V. (1906)

(a) De Waal word redakteur van „De Goede Hoop" ......... p.13

(b) De Waal word romanskrywer ......................... p.15

(c) Verdere optrede van De Waal in 1904 .............. p.17

(d) De Waal se stryd teen die „Vereenvoudiging" ........ p.19

(e) Minder Afrikaanse bydraes in „De Goede Hoop" ....... p.27

(f) De Waal tree in verbinding met Preller ............. p.28

(g) Die Taalstryd in die suide in 1906 ................ p.31

(h) De Waal kry mede-stryders ......................... p.33

HOOFSTUK 111 p.34 tot p.48

Die Stigting van die A.T.V. en die verdere verloop van die Taalstryd tot ongeveer 1915

(a) Die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging ..... p.34

(b) Voortgesette propaganda vir Afrikaans .............. p.36

(c) De Waal se aandeel aan die Taalstryd gedurende 1908 en daarna ................................... p.41

(d) Die polemiek in „Die Burger" tussen De Waal en dr. E. C. Pienaar ................................ p.43

(e) Slot ............................................. p.46

BIBLIOGRAFIE.......................................... p 49

## Hoofstuk 1

## Die Algemene Taaltoestande aan die Kaap teen die einde van die neëntiende en begin van die twintigste eeu.

### (a) Die Ondergang van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

Ten einde 'n insig te verkry in die moeilikhede en vooroordele wat De Waal te bowe moes kom in sy stryd om die erkenning van Afrikaans, is dit noodsaaklik dat 'n kort algemene oorsig oor die taaltoestande aan die Kaap indertyd gegee word. Slegs dan kan 'n juiste waardebepaling aan die werk van hierdie aanvanklik eensame stryder vir Afrikaans in die suide gegee word.

Die laaste jare van die neëntiende eeu en die aanvangsjare van die twintigste eeu kenmerk die ondergang van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en die ontstaan van die Tweede. Dit is gedurende hierdie jare dat die organe van die Genootskap van Regte Afrikaners, „Di Afrikaanse Patriot" en „Ons Klyntji", al hoe minder gelees word, totdat hulle uiteindelik ophou om te bestaan. Die optrede van ds. S. J. du Toit, die siel van die Genootskap van Regte Afrikaners en die voorste kampvegter vir Afrikaans, was in 'n groot mate verantwoordelik vir die uitvaart van die Eerste Beweging.(1)

Voordat ds. du Toit die „Patriot" sy nekslag gegee het, het die blad 'n groot leserskring opgebou as gevolg van die nasionale standpunt wat hy ingeneem het. Die stigting van die Afrikanerbond is kragdadig deur die „Patriot" bepleit, sodat ds. du Toit die „vader" van die Bond genoem is. Die aantal intekenaars het nog verder aangegroei toe die „Patriot" in 1877 sterk geprotesteer het teen Shepstone se anneksasie van die Transvaal.(2)

---

(1) Triomf, p.207 - p.212

(2) Herinnerings, p.11

Na ds. du Toit se terugkeer uit die Transvaal waar hy die onderwyshoof was, het hy openlik redakteur geword van die „Patriot" in 1888. Nou het hy meermale begin kritiek uitoefen op die Kruger-bewind in die Transvaal. Hy gaan nog verder, nadat Rhodes in 1890 die premierskap van die Kaapkolonie aanvaar, want hy sê sy steun toe aan Rhodes. Hierdie optrede van die redakteur het afbreuk begin doen aan die populariteit van die „Patriot", en die blad verloor sowel van sy steunpilare as van sy lesers.(1)

'n Ander rede vir die blad se verlies aan prestige was die houding van sy redakteur teenoor die Hollandse Kerk en sy predikante. Reeds in 1880 is daar op voorstel van ds.C.F.J. Muller 'n mosie deur die sinode aangeneem waarin afkeuring uitgespreek word oor die „Patriot" se pogings „om achterdocht tegen en minachting voor de leeraren onzer kerk en hun werk, zoowel als voor kerkelijke inrichtingen, het Theologische Seminarium en de Normaal School, die door haar zijn tot stand gebracht, bij die gemeenteleden te verwekken ..."(2) Ook die ywer van die Genootskap om die Bybel in Afrikaans te vertaal, het gestuit teen die konserwatisme van die Kerk.(3)

Die platheid van uitdrukking van die „Patriot" en die oordrewe fonetiese spelling wat gevolg is, het die erkenning van Afrikaans teëgewerk. Dit was een van die redes waarom De Waal later nie op die grondslag gelê deur die Patriotters kon voortbou nie. Die alte groot afwyking van die Nederlandse spelling het die mense nie aangestaan nie.(4) Die Genootskappers het nie daarin geslaag om deur middel van die „Patriot" die intellektuele Afrikaners te oortuig nie. Afrikaans is deur sy teenstanders as 'n „kombuistaal" bestempel, en „Patterjots" het 'n skeldwoord geword.(5)

---

(1) Triomf, pp.207 en 208
(2) Herinnerings, pp.13 en 14
(3) Prosa, p.5
(4) D.B., 13 Augustus 1921
(5) Prosa, pp. 4 en 5

Die nekslag is aan die „Patriot" toegedien deur die politieke frontverandering van sy redakteur. Met die Jameson-inval in die Transvaal op 31 Desember 1895 het dit aanvanklik gelyk of ds. du Toit aan die kant van sy volk stelling sou kies, maar in 1896 skaar hy hom openlik aan die kant van die volksvyand. Boonop word ds. du Toit redakteur van „Het Dagblad" wat Rhodes se politiek verkondig het. Die intekenaars van die „Patriot" het gevolglik by die honderde bedank.[1]

Afrikaans is vereenselwig met die toe ongewilde leier van die beweging en daardeur is die stryd vir Afrikaans bemoeilik. In verband hiermee stel De Waal dit later in „Die Burger" as volg: „Met die verkwyning - ek herhaal, oor nasionaal-politieke redes - van die persorgane wat Afrikaans gehuldig het, het die beweging ook gekwyn."[2] De Waal konstateer ook dat „die uitwerking van daardie gedragslyn van hom op die taal wat beskou gewees het as sy besondere troetelkindjie lê voor die hand."[3] Die teenstanders van Afrikaans kon nou gebruik maak van ds. du Toit se ongewildheid om die taal mee te beveg.

Die „Patriot" en die maandblad, „Ons Klyntji", het 'n sukkelbestaan gevoer tot 'n paar jaar na die Tweede Vryheidsoorlog, maar hulle het geen invloed meer uitgeoefen op taalgebied nie. Afrikaans sou eers losgemaak moes word van die „Patriot", voordat dit weer opgang sou kon maak.[4]

In sulke ongunstige omstandighede sou 'n nuwe begin gemaak moes word met propaganda vir die erkenning van Afrikaans. Die man wat nou na vore gekom het, was J.H.H.de Waal. In sy optrede sou hy te werk gaan asof die „Patriot" nie bestaan het nie, want die vooroordeel teen Afrikaans het 'n geheel nuwe begin nodig gemaak.

---

(1) Herinnerings, pp.37 - 39

(2) D.B., 13 Augustus 1921

(3) D.B., 12 Augustus 1921

(4) Herinnerings, p.40

(b) De Waal se optrede voor en gedurende die oorlog.

De Waal was nie vanuit die staanspoor 'n voorstander van Afrikaans nie. Dit was eers toe hy vir verdere studie na Europa is dat hy tydens 'n besoek aan Holland ingesien het, „lewendiger as ooit tevore hoe verspot dit was om die hoop en verwagting te koester, soos baie nog gedoen het, om Afrikaanssprekende Suid-Afrika ten opsigte van taal tot 'n tweede Holland te herskep."(1)

Reeds voor sy vertrek oorsee het De Waal hom van Afrikaans bedien, hoewel dit nog nie eintlik doelbewuste propaganda was nie. Toe hy in 1892 ses maande lank op Utrecht onderwys gegee het, het hy van Afrikaans as voertaal gebruik gemaak, omdat hy tot die besef gekom het dat die kinders makliker leer, wanneer hulle in hul spreektaal onderrig word.(2) Terwyl De Waal in 1893 en 1894 in sy vader se koophandelsaak werksaam was, het hy 'n paar klugspelletjies in Afrikaans geskrywe, nl. „Jakob Riem en die Varki", „Jan en Katrina", „'n Les oor 'n Tier" en andere. Hierdie klugte is by geleentheid van konserte in die Wichtsaal opgevoer.(3)

Na De Waal se terugkeer na sy vaderland skryf hy in 1898 'n hele aantal geleentheidsrympies en prosastukkies in Afrikaans, die meeste met 'n politieke strekking. Hierdie rympies en prosastukke is in die tweede helfte van 1898 onder die skuilnaam, Jannie, in „Ons Land" gepubliseer. De Waal vertel dat hy aangespoor is tot die skryf van hierdie stukkies toe hy opgemerk het hoe Afrikaans in daardie dae verwaarloos is. Baie min is in Afrikaans geskrywe en dit is selfs as spreektaal minder gebruik. In die Kaap, Paarl en Stellenbosch het opgevoede Afrikaners meestal Engels gepraat. Selfs in die Hollandse Kerke is daar in Engels gepreek.

Die oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke het op 11 Oktober 1899 uitgebreek. Toestande, ook op

---

(1) Herinnerings, p.34 - 35

(2) Herinnerings, p.23

(3) Herinnerings, p.29

taalgebied, het nou begin donker lyk vir alle ware vaderlanders. Die Afrikanerdom, en met hom sy taal, is met ondergang bedreig. De Waal sê dat hy daaraan gewanhoop het dat Afrikaans ooit tot sy reg sou kom. Afrikaans was alreeds gewee uit die huise van die opgevoede Afrikaners en sou 'n nog moeiliker tyd tegemoetgaan.[1]

Dit was in hierdie donker toestand dat De Waal in November 1899 in die Wichtsaal, Kaapstad, 'n kragtige toespraak hou ter bevordering van Afrikaans. Van die toespraak het 'n volledige verslag in „Ons Land" verskyn.[2]

De Waal het in die eerste plek die verskillende groepe genoem wat Afrikaans met „vlakke en bekrompe ideë beoordeel". Onder hulle is daar die onderwysers, die ingevoerde redakteurs, die verengelste Afrikaners en die jong dames wat 'n Engelse skoolopleiding gehad het. Voorts het hy die verskillende besware teen Afrikaans behandel. Eerstens het hy die valse indruk dat „het Afrikaans geen taal was, maar wel een dialect van Nederlandsch" uit die weg geruim. Die verdere beskuldiging dat Afrikaans te „eenvoudig" is, beskou hy as 'n kompliment vir die taal. Vervolgens sê hy dat niemand hom nog kon bewys dat Afrikaans 'n „samenbrouwsel" is van Hollands, Hottentots en Maleise woorde nie. Afrikaans is suiwerder van oorsprong as 'n taal soos Engels. Hy verklaar ook dat as dit eenmaal aanvaar word dat Afrikaans 'n selfstandige taal is, die bewering dat Afrikaans 'n „kombuistaal" is meteens wegval, want „de taal is haar eigen meesteres; en de maatstaf waarbij het goed of slecht er van gemeten moest worden, was bij haarzelve". 'n Mens pas nie Duitse taalreëls op Hollands toe nie, dus moet jy ook nie Hollandse taalreëls op Afrikaans wil toepas nie. Dit is die volk wat die taal maak; die taalgeleerdes skryf net die

---

(1) Herinnerings, pp.62 en 63

(2) O.L., 18 November 1899

taalreëls neer en verklaar dit. Hy ontken vervolgens dat Afrikaans 'n „groffe" en „ruwe" taal is. Die fout lê nie by die taal self nie maar by die spreker. Hy sê dat hy nie kan ontken dat Afrikaans arm is wat woordeskat betref nie, maar alle tale was in hulle jeug arm op daardie gebied. Afrikaans het 'n ryke bron, nl. Nederlands, waaruit hy kan put.

Hy spreek ten slotte die hoop uit dat Afrikaners hoe langer hoe meer die goeie hoedanighede van hulle taal sal waardeer. „Als dit gebeurde, dan zou dezelfde spraak die nu door zoovelen bespot werd, blijven tieren naast 't Engels als de grootsche taal van een eigenaardig en trotsch volk", is die profetiese woorde waarmee hy sy toespraak afgesluit het.

Hierdie toespraak het geen reaksie in die pers uitgelok nie. Die oorlog het in daardie stadium alle ander dinge oorheers.

Gedurende die oorlogsjare het De Waal voortgegaan met die skryf van grappies en geleentheidsrympies in Afrikaans. Hulle het gereeld in „Ons Land" verskyn. Omdat hierdie rympies veral van 'n politieke aard was, het dit die aandag van die Britse owerhede op hom gevestig. As gevolg van die pro-Boerse houding van F. S. Malan, die redakteur van „Ons Land", is die blad in Januarie 1901 in die ban gedoen onder die krygswet wat toe geheers het. Malan is na die Tokai-gevangenis gestuur. Op hierdie wyse is De Waal toe ook die swye opgelê.(1)

In die donker jaar 1901 en ook nog gedurende die eerste helfte van 1902 was propaganda vir Afrikaans van die baan af. Afrikaans het alleen nog in druk verskyn in die onnasionale „Patriot" en die kwynende „Ons Klyntji". In Kaapstad was Afrikaners selfs bang om hulle taal ten aanhore van

(1) Herinnerings, pp. 65 - 69

Engelse te praat. Die Hollandse toelatingseksamen (die mondelinge deel het Afrikaans ingesluit) tot die staatsdiens is afgeskaf. Engels-eentaligheid word nou 'n aanbeveling in die staatsdiens en in die onderwysdepartement.(1)

Dit is in hierdie tyd wanneer die gety so sterk teen Afrikaans is dat De Waal weereens in die bresse tree vir sy taal. Op 2 Mei 1902 het die „Cape Times" in 'n hoofartikel te velde getrek teen professor Logeman van die Suid-Afrikaanse Kollege, omdat hy van Afrikaans as 'n taal gewag gemaak het. Volgens die „Cape Times" was Afrikaans 'n „patois", 'n gedegenereerde soort Hollands. Die blad verwys na sir Henry de Villiers en dr.Changuion as gesaghebbendes om sy mening te staaf.(2)

In sy antwoord op hierdie hoofartikel betwis De Waal dit dat de Villiers sou gesê het dat Afrikaans nie 'n taal is nie. Hoewel Afrikaans nie baie hoog aangeskrewe staan by de Villiers nie, het hy nie so 'n bewering gemaak nie. Changuion se sienswyse is, volgens De Waal, reeds verouderd. De Waal haal vir dr. W. J. Viljoen van Stellenbosch aan as gesaghebbende om te bewys dat Afrikaans wel 'n taal is. Hoewel Afrikaans nie 'n letterkunde besit nie, staan dit nie vir ander tale agter nie, want hulle het ook in hul beginstadium geen letterkunde gehad nie. Hy daag die „Cape Times" uit om te bewys dat Afrikaans gedegenereer het. Wat die blad vir agteruitgang aansien, t.w. die gebrek aan verbuigings-uitgange, dui, netsoos in die geval van Engels, op vooruitgang.(3)

(c) <u>De Waal se optrede na die oorlog</u>

31 Mei 1902 het die Vrede van Vereniging gebring maar 'n spontane beweging vir die erkenning van Afrikaans het nie onmiddellik gevolg nie. Verskeie faktore was daarvoor

---

(1) Herinnerings, pp.69 - 71

(2) C.T., 2 Mei 1902

(3) C.T., 3 Mei 1902

verantwoordelik. Eerstens, die Afrikanervolk was nog lamgeslaan; tweedens, krygswet het nog geheers en 'n blad soos „Ons Land" was nog in die ban. Verder is die Kaapkolonie gedreig met die skorsing van sy konstitusie. Daar moes ook nog etlike rebel-offisiere verhoor word, en aangesien taalpropaganda as politiek beskou is deur die bewindhebbers, sou dit ontaktvol gewees het om daarmee te begin.(1)

Op 22 Julie 1902 het „Ons Land" weer sy verskyning begin maak. In die volgende nommer verskyn daar 'n lang Afrikaanse rympie „Jou Gesondheid", waarin Janni die herverskyning van die blad verwelkom. Dit is die eerste van 'n hele aantal Afrikaanse rympies wat De Waal na die oorlog geskryf het.

Baie van die Bondslede het na die vredessluiting in die parlement hulle toesprake in Engels in plaas van Hollands of Afrikaans gehou. Hierdie optrede het De Waal nie aangestaan nie en in 'n rympie, „Onse Lede en Onse Taal", tik hy daardie bondslede oor die vingers in „Ons Land". Hy vlei hulle eers 'n bietjie, maar spoor hulle dan aan om van Afrikaans gebruik te maak:

„Kom, vrinde! Luister wat ek seg:
Geniet jul erfenis en reg!"(2)

De Waal het intussen nog vertrou dat dr. W. J. Viljoen die leiding van die nuwe Afrikaanse beweging op hom sou neem. In daardie verwagting is hy teleurgestel. Spoedig sou dr. Viljoen toon dat, sy doktorale proefskrif ten spyt, hy gekant is teen „Kaapsch-Hollandsch". 'n Lang polemiek het na aanleiding van dr. Viljoen se uitlatings in „Ons Land" ontstaan, en De Waal sou andermaal die bewys lewer dat hy 'n vurige kampvegter is vir sy spreektaal.

In Desember verskyn daar in „Ons Land" 'n artikel, „Onze Spreektaal", deur „Afrikaner". Hierin doen hy verslag

---

(1) Herinnerings, pp. 74 - 77

(2) Ons Land, 18 September 1902

van 'n vergadering wat kort tevore deur dr. W. J. Viljoen toegespreek is.[1] Die professor het dit by daardie geleentheid veral teen „Kaapsch-Hollandsch" gehad. Die taal sou tekortskiet wat „schoonheid en omvang" betref. Hy kon nie insien hoe „een spreektaal arm in woorden en in die verbuiging der werkwoorden lang zou kunnen medebestaan met een rijke schrijftaal". Ook kan dr. Viljoen nie insien hoe 'n mens oor wetenskaplike en ingewikkelde sake net kan skryf en nie daaroor sal wil praat nie (waarvoor Afrikaans nie geskik is nie). Volgens die artikel sou dit ook moeilik wees om te weet watter bepaalde vorm van „Kaapsch-Hollandsch" aanvaar moet word, want daar is feitlik net soveel tongvalle as distrikte. Volgens die verslag is ook reeds etlike voorbeelde van die mislukking van „Kaapsch-Hollandsch" in geskrifte waar te neem.

In 'n brief, onderteken „J.W.", in die volgende nommer van „Ons Land", stel De Waal sy standpunt. Hy sê dat Afrikaans wel eendag tot die status van skryftaal verhef kan word, maar die tyd is nog nie daarvoor ryp nie. Hy berispe „Afrikaner", omdat hy in sy verslag gesuggereer het dat Afrikaans nie sy eie taalreëls besit nie.[2] 'n Paar dae later verskyn daar weer 'n brief van De Waal waarin hy 'n paar foutjies in sy vorige brief verbeter. Hy maak ook van die geleentheid gebruik om sy mening uit te spreek dat die Afrikaner nie weer tot Nederlands as spreektaal sal terugkeer nie. Hy beklemtoon dat die Afrikaner 'n goeie kennis van Hollands moet hê om sy eie taal se woordeskat en uitdrukkingsvermoë te verryk. Afrikaans moet gewaardeer en gepraat word soos hy is, „en nie soos sommige eksentrieke persone meen dat sy behoort te wees nie".[3]

'n Korrespondent, „R", skrywe na aanleiding van De Waal se briewe dat dit sy mening is dat Afrikaans nie sal deug

---

(1) O.L., 9 Desember 1902

(2) O.L., 11 Desember 1902

(3) O.L., 16 Desember 1902

soos hy is nie, want „zÿn keel is alreeds afgesnij door die poging in die Paarl". Hy is gekant teen sowel die Paarlse spelling as die van De Waal. Hy meen dat dit tyd is dat 'n Afrikaanse letterkunde in 'n „verbeterde Afrikaanse taal" tot stand moet kom. Hollands sal nooit op Afrikaanse bodem posvat nie. Hy eindig sy brief met die bewering dat òf Afrikaans òf Engels òf albei die veld sal behou maar nie Hollands nie, al word dit ook „vereenvoudigd". De Waal antwoord dat hier nie gepraat moet word van die taal verbeter nie, tensy dit is om dit in woordeskat en uitdrukkingskrag te verryk. „Soos die taal is, is sij een van di mooiste en eenvoudigste wat daar bestaan. Maar, al was dit ook die leelikste, dan betaam dit ons nog om dit lief te heh, omdat dit onse taal is."(1)

De Waal het verdere steun vir sy standpunt gekry van J. Meijer De Kock. In „Ons Land" verwelkom hy die hernude belangstelling in Afrikaans en hoop dit sal nie net daarby bly nie. Hy is ten gunste van Afrikaans as skryftaal. Hy rig 'n versoek aan dr. W. J. Viljoen om op 'n vergadering in Kaapstad sy mening oor Afrikaans te kom uiteensit.(2)

Op 3 Januarie 1903 het „Afrikaner" weereens van hom laat hoor. Hy skryf: „Om te spreken van die grammatica van Kaapsch-Hollandsch schijnt mij de grootste ongerijmdheid." Hy sê daar is so 'n groot verskil tussen J.W. se mening oor wat die skone taal is en die mening wat hy daarop nahou, dat alle redenering oor die hoof onderwerp onmoontlik is. „Afrikaner" noem voorts die sin: „Ek het dit ver hom gegee", om te bewys dat dit lyk of J.W. se strewe is om Afrikaans so ver as moontlik van die oorspronklike moedertaal te laat afwyk. As Afrikaners egter die woorde van daardie sin verkies, dan is „gemelde taal inderdaad hopeloos verdwaald".(3)

(1) O.L., 24 Desember 1902

(2) O.L., 26 Desember 1902

(3) O.L., 3 Januarie 1903

De Waal laat ook nie hierdie brief onbeantwoord verbygaan nie. Hy verklaar dat as dit absurd is om te praat van die grammatika van Afrikaans, dan behoort dit net so absurd te wees om te praat van die grammatika van Engels. Afrikaans het tog sy eie taalreëls netsoos enige ander taal. De Waal kan „Afrikaner" nie komplimenteer op sy kennis van Afrikaans nie. Die Afrikaanse taalreëls is nog nie te boek gestel nie, maar hulle bestaan tog. Hy gee dan 'n paar voorbeelde in sy brief. „Ek het dit ver hom gegee" is goeie Afrikaans en klink vir hom goed. „Afrikaander" moet nie praat van „agteruitgang" ten opsigte van Afrikaans nie, maar wel van „ontwikkeling" en „wasdom".(1)

Die volgende skrywe van De Waal is 'n kolomlange Afrikaanse rympie in „Ons Land". In hierdie rympie, „Die Afrikaanse Taal", stel Janni die taal self aan die woord om sy saak te bepleit:

„Ek het dit hard, ek het dit swaar.
Mijn vijande is sterk!
Mijn vrinde's dikwels huiwerig
Hul vrindschap te laat merk.
Ek kan ni voort ni, of mijn voet
Teen struikelblokke glij -
Mijn vijande die sit dit daar.
Mijn vrinde laat dit blij."(2)

(d) Die Taalbond en Taalvereenvoudiging.

Dit is teen hierdie tyd dat die Taalbond weer daadwerklik begin optree het op die gebied van die taalvereenvoudiging. Reeds in 1897 het 'n taalkongres in Kaapstad die beginsel van taalvereenvoudiging aanvaar. Die voorstanders van Hollands in Suid-Afrika het toe reeds besef dat die taal in sy gewone vorm op die lange duur nie naas

(1) O.L., 6 Januarie 1903

(2) O.L., 14 Februarie 1903

Engels sou kon voortbestaan nie. Hulle het nie aan „Kaapsch-Hollandsch" as 'n alternatief gedink nie maar aan „Vereenvoudigd Hollandsch", volgens die spelwyse van dr. Kollewijn.

Teen 1903 het dr. W. J. Viljoen op vertrek gestaan na Europa en hy moes nou die Hollandse taalgeleerdes en die gesaghebbende liggame om die vergunning vra om „Vereenvoudigd Hollandsch" aan die Kaap in te voer, sodat die invloed van Engels op dié manier teëgewerk kon word. De Waal het hierin 'n bedreiging vir die erkenning van Afrikaans gesien en sou later 'n heftige verset daarteen loods.[1]

---------------- o 0 o ----------------

(1) D.B., 5 September 1921 en Herinnerings, pp. 58 en 96

## Hoofstuk 11

### Vanaf die stigting van „De Goede Hoop" (1903) tot voor die stigting van die A.T.V. (1906).

(a) De Waal word redakteur van „De Goede Hoop".

Dr. E. C. Pienaar skryf dat dit 'n ironiese feit is dat die eerste naoorlogse tydskrif wat doelbewus vir Afrikaans propaganda sou maak, juis deur die voorstanders van Hollands in die lewe geroep moes word.(1) Hy sê dit na aanleiding van die stigting van „De Goede Hoop", „een Zuid-Afrikaansch maandblad vóór Jongelieden" in 1903. Die blad sou onder beskerming staan van Onse Jan, mev. Marie Koopmans-De Wet en ander vooraanstaande inwoners van Kaapstad. De Waal word deur die stigters tot redakteur benoem, maar weens drukke werksaamhede, weier hy aanvanklik. Hy word nogmaals versoek om die pos te aanvaar en hierdie keer willig hy in. De Waal vertel in verband hiermee dat hy weer sou geweier het, as dit hom nie bygeval het dat die redakteur van so 'n spesiale blad vir jongmense in 'n unieke geleentheid gestel was om onder hulle oortuigingswerk vir Afrikaans te doen nie.(2) Hy het hom nietemin eers daarvan vergewis dat die voogde van „De Goede Hoop" die plasing van Afrikaanse bydraes sou toelaat, voordat hy sy taak aanvaar het. Die antwoord wat hy van hulle gekry het, het hom tevrede gestel.(3)

Op hierdie manier kry De Waal, nadat hy reeds geruime tyd vir sy taal op die wagtoring diens gedoen het, nou 'n eie wapen in die hande waarmee hy kon stry vir die erkenning van Afrikaans. Twaalf jaar lank, d.w.s. tussen 1903 en 1914, sou hy as redakteur van „De Goede Hoop" taktvol, dog beslis, optree as kampvegter vir Afrikaans.

---

(1) Triomf, p.237

(2) Herinnerings, p.98

(3) Herinnerings, p.99

Die eerste nommer van „De Goede Hoop" het in Julie 1903 verskyn. In die inleidingswoord sê De Waal aan toekomstige medewerkers dat hulle hul nie moet laat afskrik as hulle nie korrekte Hollands skrywe nie. Dit is egter onwenslik dat hulle in „een andere taal schrijft dan in 't Hollandsch of 't Afrikaansch".(1) Die Afrikaanse bydraes in die eerste nommer beslaan sowat sewe van die twee-en-vyftig kolom plaasruimte.

Reeds in die volgende nommer moet De Waal antwoord op die klagte van 'n korrespondent van Stellenbosch. Beswaar word gemaak dat daar te veel Afrikaanse bydraes in die blad verskyn, aangesien die blad tog gestig is om jong Afrikaners in Hoog-Hollands op te lei. De Waal skryf dat die korrespondent dan, wat hierdie nommer betref, nog meer sal hê om oor te kla, want dit bevat nog meer bydraes in Afrikaans. Voorts sê hy dat geen stukke afgekeur sal word bloot omdat hulle in Afrikaans geskrywe is nie, en dat „Kaapsch-Hollandsch by velen bijval vindt en hoe langer hoe meer als zelfstandige taal erkendt wordt".(2) Ander intekenaars het ook by wyse van private briewe aan De Waal hulle ontevredenheid gelug oor die Afrikaanse bydraes.(3)

Sedert die totstandkoming van die blad het De Waal self ook Afrikaanse bydraes geskrywe. Reeds die tweede nommer bevat sy „Anjelina, 'n tragiese liefdesspel" onder die skuilnaam Janni. Dit was 'n toneelstuk wat hy reeds gedurende sy studentejare in Engeland geskryf het.

Volgens De Waal is „De Goede Hoop" van die begin af goed ondersteun deur die Afrikaner-publiek. Ook in die Vrystaat en Transvaal het die blad baie intekenaars verwerf. 'n Jaar of wat na die stigting het die blad se intekenlys op om en by die 3,000 gestaan.(4) Daar was dus 'n ruime kring waarin De Waal se opvattings oor Afrikaans gepropageer kon word.

---

(1) D.G.H., Julie 1903

(2) D.G.H., Augustus 1903

(3) Herinnerings, p.102

(4) Herinnerings, pp.101 en 136.

In September 1903 verklaar De Waal dat hy in sy skik is met die groot aantal Afrikaanse bydraes elke maand en die groot belangstelling wat vir daardie taal getoon word. Hy skryf voorts in sy hoofartikel, „Wat mij tot nog toe het meest in verband met dit blad heeft getroffen, is dat zooveel gedichten, grappen ens. in de Afrikaansche taal geschreven zijn. Het lijkt alsof deze taal, die reeds tamelijk algemeen door Afrikaners als een zeer degelijke en deugdelijke spreektaal word erkend en aangenomen ook als schrijftaal hoe langer hoe meer in den smaak valt." Wat die spelling betref, gee hy aan die hand dat daar volgens die uitspraak gespel moet word, maar dat daar nie onnodig van die Nederlandse spelreëls afgewyk moet word nie.(1)

In 'n artikel, „Hollandsch in ons Parlement", kla die redakteur in dieselfde nommer van „De Goede Hoop" oor die afskeping van Hollands en Afrikaans in die parlement wanneer Afrikaanssprekende lede toesprake hou.

Gedurende die laaste drie maande van 1903 het die hoeveelheid Afrikaanse bydraes in „De Goede Hoop" betreklik konstant gebly, d.w.s. vanaf sewe tot nege uit die agt-en-veertig kolom waaroor die redakteur beskik het. Daar verskyn in hierdie tyd geen doelbewuste propaganda-artikels oor Afrikaans in die blad nie.

(b) <u>De Waal word romanskrywer</u>.

Soos reeds elders aangetoon, het De Waal dikwels geleentheidsrympies en prosastukke in Afrikaans geskrywe. Gewoonlik het hierdie stukke in „Ons Land" verskyn. Ook het hy klugte in Afrikaans geskrywe en dit is op verskillende plekke opgevoer. Sommige van hulle is later in „De Goede Hoop" gepubliseer, b.v. „Jakob Riem en die Varki" (Januarie 1905). Sy „Anjelina", wat ook in „De Goede Hoop" verskyn het,

---

(1) D.G.H., September 1903

is so gunstig geresenseer in „Ons Land" dat De Waal 200 eksemplare daarvan laat druk het.[1] Nou sou De Waal hom aan die begin van 1904 op 'n nuwe letterkundige terrein begewe, nl. dié van die romanskrywer.

De Waal het agtergekom dat sy jong lesers die Afrikaanse verhaaltjies gretig lees. Gevolglik het hy aan verskeie persone versoeke gerig om teen die betaling van 'n honorarium Afrikaanse verhale te skrywe. Toe hy nie van hulle bydraes ontvang nie, het hy besluit om maar self aan die werk te spring, hoewel hy geen ondervinding van die romanskryfkuns gehad het nie. Hierby kan nog gevoeg word dat hy slegs enkele romans voorheen gelees het. „Van Lennep, Victor Hugo en 'n paar ander"[2] moes dus uit die aard van die saak sy leermeesters wees op daardie gebied. Omdat hy nie geweet het wat sy talente in daardie rigting was nie, het hy dit die veiligste vir sy reputasie geag om onder die skuilnaam, Janni, te skrywe.

Wat hy hom ten doel gestel het, was om 'n dubbele nasionale slag te slaan. In die eerste instansie wou hy boeiende Afrikaanse leesstof aan die jeug verskaf, en tweedens wou hy die geskiedenis in aantreklike verdigte vorm vir die jeug verwerk.[3]

As gevolg van genoemde redes begin De Waal dan sy „Johannes van Wyk" skrywe. Dit het maandeliks as vervolgverhaal in „De Goede Hoop" verskyn vanaf Januarie 1904 tot September 1905. Toe die eerste twee hoofstukke geplaas is, moes die res van die verhaal nog opgestel word. Die skrywer het glo al die raamwerk daarvan in sy kop agtermekaar gehad.[4]

Herhaalde versoeke het tot De Waal gekom om die vervolgverhaal in boekvorm uit te gee. In „De Goede Hoop" het korrespondente ook dikwels daarom gevra. In Augustus 1906

(1) D.G.H., September 1903
(2) D.B., 12 Augustus 1921
(3) Herinnerings, pp.110 en 111
(4) Herinnerings, p.111

het De Waal toe in „De Goede Hoop" aangekondig dat „Johannes van Wyk" nou in boekvorm verkrygbaar is. Die eerste druk het uit 500 eksemplare bestaan en duisende is later verkoop.[1] Die verskyning van „Johannes van Wyk" het 'n gunstige reaksie uitgelok. „De Volkstem", dr. D. F. Malherbe en andere het die boek verwelkom.[2]

Oor die skrywe van „Johannes van Wyk" sê De Waal later die volgende: „Ek het gevoel dat so 'n uitgawe miskien meer sou doen om Afrikaans te bevorder as al die toesprake wat ek al oor die taal gelewer het en al die koerantbriewe wat ek al daaroor geskrywe het, hoe nuttig hierdie ook mag gewees het."[3] Ook Preller het dieselfde sienswyse gehuldig, en in 'n brief aan De Waal skryf hy: „So sal ons vooruitboer met ons taal en op g'n ander manier nie. Al die praatjies help niks. Ons moet werk soos jy nou gewerk het."[4]

Gedurende die tydperk Januarie 1912 en Julie 1913 verskyn daar 'n ander historiese roman van De Waal, „Die Tweede Grieta", ook as vervolgverhaal in „De Goede Hoop". Ook hierin kan die tweeledige doel wat De Waal hom gestel het, waargeneem word. Die herhaalde herdrukke van hierdie boeke van De Waal, sowel as van sy ander werke, is bewys van sy populariteit as storieverteller by die jeug. Ook met hierdie pretensielose romans het De Waal dus vir sy taal 'n lansie gebreek.

(c) Verdere optrede van De Waal in 1904

Gedurende die eerste helfte van 1904 het 'n paar geleenthede hulle voorgedoen waar De Waal vir Afrikaans in die bresse kon tree. Eerstens kon hy antwoord op die klagte van mnr. C. P. van der Merwe in „Ons Land"[5] dat die Afrikaner sy taal te veel verwaarloos en Engelse woorde daarin toelaat.

---

(1) Herinnerings, pp.186-187

(2) D.G.H., September 1906

(3) Herinnerings P.186

(4) Herinnerings, p.187

(5) O.L., 23 Februarie 1904

Sy antwoord hierop is dat dit nie baat om te mor oor Engelse invloed op Afrikaans nie. Afrikaners moet liewer bewus gemaak word van hulle kostelike besit. Afrikaans is ryk in woordkrag, suiwer van afkoms, het nie moeilike geslagreëls nie en klink net so goed as Hollands of Engels. Hy gee aan die hand dat die voorstanders van Afrikaans die taal soveel as moontlik moet praat en skryf, en dat hulle moet aandring op die erkenning van Afrikaans in die universiteitseksamens, die geregshowe en in die staatsdiens.[1]

In sy kommentaar op „Nederland en Zuid Afrika", 'n boek geskryf deur H. Doeff, skryf De Waal in „De Goede Hoop": „Opmerkelijk is het hoe dat de schrijver gelijk zooveel andere geleerde Hollanders, die hun aandacht aan de zaak hebben besteed, het Afrikaansch waardeert en niet er op neerziet als dialect welks gebruik ontmoedigd moet worden. Kaapsch-Hollandsch word nu bijna algemeen door deskundigen erkend als een zeer degelijke taal. Wij moeten haar als een kleinnood waarderen."[2]

Teen die middel van 1904 skryf 'n korrespondent aan „De Goede Hoop" in verband met die vasstelling van die Afrikaanse spelling. Hy doen aan die hand dat 'n kommissie van taalgeleerde Afrikaners vir daardie doel aangestel moet word.[3] De Waal stem met hom saam en is van mening dat dit goed sal wees om 'n vereniging bestaande uit jongmense te stig met die oog op die behoud en die voorthelp van „ons geliefde Afrikaansch". De Waal vra of dit nie wenslik is dat taalliewende studente van Stellenbosch 'n vergadering sal belê om die stigting van so 'n vereniging te bespreek nie. „Als de vereniging net twee regels heeft, namelijk, (i) dat de leden al hun briefwisseling met mede-Afrikaansch-sprekende Afrikaners in Hollandsch of Afrikaansch zullen voeren, en (ii) dat zij zooveel mogelijk Afrikaansch zullen gebruiken wanneer zij met mede-Afrikaansch-sprekende Afrikaners praten, dan heeft de taal al veel gewonnen."

(1) O.L., 25 Februarie 1904 (3) D.G.H., Julie 1904

(2) D.G.H., Maart 1904

Takke van so 'n vereniging kan in alle dele van die land gestig word, en „De Goede Hoop" sal so 'n vereniging met alle mag ondersteun.

De Waal erken self dat hy spoedig besef het dat die tyd nog nie ryp was vir so 'n georganiseerde optrede nie.(1) Daar was geen reaksie op De Waal se antwoord aan die korrespondent nie, en aangesien hy 'n verstandige taktikus was, het hy die saak voorlopig daar gelaat.

(d) <u>De Waal se stryd teen die „Vereenvoudiging"</u>.

Dr. W. J. Viljoen het uit Holland teruggekeer met die toestemming van gesaghebbende liggame daar om die vereenvoudigde skryfwyse in Suid-Afrika in te voer. Na sy terugkoms is daar meer as 'n half jaar gesloer met die publikasie van die voorstelle. Dit was eers teen September van 1904 dat dit in die pers verskyn het of in pamfletvorm versprei is. „Ons Land" het die vereenvoudiging-voorstelle volledig gepubliseer. 'n Kort oorsig oor die vereenvoudiging-geskiedenis in Suid-Afrika is daarby gegee, en die Taalbond het daaraan toegevoeg dat „met eene oplossing van dese kwestie kan niet langer worden getalmd." Dit sou veranderings behels op die gebied van die spelling, die verbuiging, geslagsvorming, voornaamwoorde, vervoeging van die werkwoorde. Afrikaans sou daarin tegemoetgekom word dat Afrikaanse woorde wat nie in Nederlands voorkom nie, in die „Vereenvoudigde Hollandsch" in Suid-Afrika opgeneem kon word.(2)

De Waal het in hierdie voorstelle 'n bedreiging vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal gesien. Hy het van die begin af gevoel dat ook „Vereenvoudigde Hollandsch" nie staande sou kon bly naas Engels nie. Aan die anderkant sou dit die lewenskragtige Afrikaans in die wiele ry; gevolglik het De Waal al sy kragte ingespan om die Taalbond-

(1) Herinnerings, p.113

(2) O.L., 3 September 1904

voorstelle te laat verongeluk. Eers het hy 'n direkte aanval gedoen en daarna taktvoller te werk gegaan.

In dieselfde nommer van „Ons Land" waarin die Taalbond-voorstelle gepubliseer is, het De Waal se kritiek daarop verskyn. Hy stel die vraag of dit wenslik is dat vereenvoudiging in Suid-Afrika ingevoer moet word. Hierop is sy antwoord 'n besliste „nee". Hy beweer dat die voorstanders van vereenvoudiging tweespalt onder taalliefhebbers gebring het. Hulle stel feitlik 'n derde Hollandse taal voor - nie Afrikaans of Hollands nie, maar 'n vermenging van beide wat deur 99 uit elke 100 Hollanders afgekeur sal word. Die Afrikaner sal hom nog pal op hoogte moet hou van die gewone Hollandse taalreëls, indien hy nie by Hollanders as ongeletterd aangeskrewe wil staan nie. En dan breek hy 'n lansie vir Afrikaans as alternatief: „Nu! aangesien de Taalbond beseft dat de tijd gekomen is wanneer Afrikaansch in verscheiden opzichten in de Hollandsche schrijftaal erkend behoort te worden, zou het niet goed wezen, dat hij Afrikaansch, zooals het gesproken wordt in alle opzichten als een geskikte schrijftaal erkendt?"(1) Hy skryf voorts dat as ons dan van die Nederlandse taalreëls moet afwyk, waarom moet dit dan net ver genoeg wees om 'n gebrekkige Nederlands te laat ontstaan? „Waarom kan de afwijking niet, eens voor altijd zóo radikaal wezen, dat ieder die een zin in onze taal leest, dadelijk zal kunnen zeggen: 'Dat's geen quasi-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch, dat's het zuivere Afrikaansch.' " As iemand sê dat die tyd nog nie ryp is vir Afrikaans nie, is sy antwoord daarop dat geen struikelblokke in sy pad geplaas moet word nie. 'n „Middeltaal" soos deur die Taalbond voorgestel word, sal die erkenning van Afrikaans baie lank by die Taalbondondersteuners vertraag. Is dit iemand se

---

(1) O.L., 3 September 1904

argument dat Afrikaans nog geen letterkunde besit nie, dan vra hy of die voorgestelde „middeltaal" wel een het.[1]

Hierdie openlike oorlogsverklaring teen die vereenvoudiging deur De Waal het 'n lang polemiek in „Ons Land" tot gevolg gehad. Sommige briefskrywers was dit eens met De Waal; andere het in die bresse getree vir die Taalbondvoorstelle. Mnr. F. P. Cillie skryf dat hy nie die besware van De Waal kan deel nie. Volgens hom is die bedoeling nie om 'n „middeltaal" te skep nie, maar om die kloof tussen die spreektaal en die skryftaal te verwyder. „Pinnochio" wat in dieselfde nommer van hom laat hoor, stem saam dat die vereenvoudiging halwe werk is, maar vir hom val daar nie aan te dink dat Afrikaans tot skryftaal verhef moet word nie. Hy konstateer vervolgens dat daar in die wêreldgeskiedenis geen presedent bestaan vir die verheffing tot skryftaal van 'n dialek (of taal) wat so na verwant is aan die moedertaal as Afrikaans tot Hollands nie.[2] De Waal kry steun van mnr. W. J. du Toit van die Normaal Kollege, Kaapstad. Sy mening is: „Een taal word niet gemaakt, maar groeit. Laat ons de prachtige Nederlandsche taal niet verminken. Laat ons liever ons eigen taal, Afrikaansch, aanmoedigen." Op Afrikaans sal nie altyd neergesien kan word as 'n „kombuistaal" of „verbrouwd mengsel" nie. Saam met De Waal sien hy geen vooruitsig vir die „middeltaal" nie.[3]

Hierna volg daar briewe in „Ons Land" van „B.G." en mnr. Hubertus Elffers ten gunste van die vereenvoudiging. Mnr. Elffers skryf in verband met Afrikaans, „dat men er niets anders dan een gekunsteld schrijftaal van zou kunnen maken".[4]

In 'n brief waarin De Waal vir mnre. Cillie, Elffers, „B.G." en „Pinnochio" onder skoot kry, skryf hy dat dit die strewe van die vereenvoudigers in die Nederlande is om

(1) O.L., 3 September 1904
(2) O.L., 6 September 1904
(3) 6 September 1904, O.L.
(4) O.L., 8 September 1904

van die spreektaal die skryftaal te maak, maar dit is nie die geval in Suid-Afrika nie. Hulle wil slegs 'n „toenadering" teweegbring. Voorts verklaar hy dat dit treffend is dat daar in die huise van die kwaaiste voorstanders van Nederlands waar selde 'n goeie woordjie vir Afrikaans gehoor word, daar meer Engels as Nederlands gepraat word. Hy vra aan Elffers waarom Afrikaans dan 'n gekunstelde skryftaal sal wees. Het Afrikaans dan nie taalreëls net soos ander tale nie? Aan die slot van sy pleidooi vir Afrikaans spreek De Waal die hoop uit dat niemand sy pogings as teen Nederlands gerig sal beskou nie. Sy verlange is slegs dat Afrikaans as skryftaal erken moet word.[1]

Verdere briewe volg in „Ons Land" van 15 en 17 September. Op 27 September verskyn daar 'n brief van mnr. H. C. de Wet van Natal met 'n heftige aanval op Afrikaans. Hieruit blyk duidelik die teenstand en vooroordeel wat De Waal te bowe moes kom. Hierdie korrespondent skryf: „Als men let op sommige stukken die in drukverschijnen, dan schijnt het of de schrijvers zich er op toeleggen om zooveel mogelijk Hottentotsch-Hollandsch te schrijven." Hy wil hê die volkstaal moet so na as moontlik aan die taal van Holland gehou word.[2]

Ook in „De Goede Hoop" het De Waal sy stem laat hoor teen die vereenvoudiging. Die Taalbond-voorstelle en sy kritiek daaroor word in die blad geplaas. Hy dryf veral die spot met die bepaling insake „woordenkeus". Volgens genoemde bepaling sou gewone Afrikaanse woorde en uitdrukkings wat nie in Hollands voorkom nie, daarin opgeneem kon word om op daardie manier 'n toegewing aan Kaapsch-Hollandsch te maak. De Waal wys daarop wat baie maklik sal kan gebeur, en hy laat dan 'n stukkie in die volgende trant volg:

---

(1) O.L., 10 September 1904

(2) O.L., 27 September 1904

„Mijn vrijster haar patroon is kamma vererg omdat je gister zo vrijmoedig geweest bent ens."

Hy herhaal ook wat hy voorheen reeds in „Ons Land" gesê het, nl. dat dit ons nie pas om die Hollandse spelling in Suid-Afrika te verander, voordat dit in Holland self gedoen is nie. Hy stel die vraag of die Afrikaners dit nie al moeilik genoeg het om beide Afrikaans en Nederlands in stand te hou nie, en voeg daaraan toe „Laat de lieve Taalbond ons toch niet met een derde Hollandsche taal komen lastig vallen."(1)

Ten spyte van die teenstand van De Waal en sy ondersteuners teen die vereenvoudiging, is die Taalbond-voorstelle op 'n taalkonferensie op 28 Desember 1904 in Kaapstad bekragtig. De Waal sou nietemin in sy pogings om die vereenvoudiging te laat verongeluk, nie verslap nie. Hy sou alleen sy taktiek verander en ophou om op Afrikaans aan te dring in plaas van die „Vereenvoudiging". Beide in „De Goede Hoop" en in „Ons Land" sou die voorstelle nou op 'n ander manier bestry word.

Aan die begin van die volgende jaar verskyn daar 'n redaksionele artikel in „De Goede Hoop" oor die vereenvoudiging. Hierin verklaar De Waal dat die Taalbond besluit het om die Kollewijn-stelsel in te voer. Voorts sê hy dat die taal wat die grootste gros van Hollanders nie as skryftaal wil erken nie, die „wil onze Taalbond aan ons Afrikaners opdringen".(2) Hy verklaar dat hy reeds in „Ons Land" op die onwenslikheid hiervan gewys het. Omdat De Waal verneem het dat baie van die predikante teen die „skending" van Hollands gekant was,(3) het hy in sy artikel aan die hand gedoen dat die stemme van al die predikante eers per brief daaroor opgeneem behoort te word, voordat tot die vereenvoudiging oorgegaan word. Op hierdie manier het De Waal gemeen om van die voorstanders van Hollands, die predikante, gebruik te maak om die Taalbondpoging te laat skipbreuk ly.

---

(1) D.G.H., Oktober 1904 (3) Herinnerings, p.123

(2) D.G.H., Januarie 1905

De Waal se standpunt word gesteun in die volgende nommer van „De Goede Hoop".[1] „Afrikaner" meen ook dat die predikante as volksleiers eers hulle stem moet laat hoor. „Getrouwe Lezer van 'De Goede Hoop' " stem saam met De Waal, terwyl J. A. van Zyl kla oor die vereenvoudiging. „Zoon de Lands" skryf dat hy van opinie is dat Afrikaans eerder tot skryftaal verhef moet word as die taal wat in Holland gepraat word, „want Afrikaansch is een levende taal, hetgeen de andere taal, wat ons betreft, niet is". Ons het nie die reg om aan 'n ander se skryftaal te torring nie. As ons dan 'n ander skryftaal wil hê, laat dit Afrikaans wees.

Intussen het die redakteur van „Ons Land" in Januarie 1905 reeds die vereenvoudigde skryfwyse in sy blad ingevoer. In die uitgawe van 17 Januarie 1905 verskyn 'n brief van mnr. J.K.Louw waarin hy kla oor die vereenvoudiging en voorspel dat dit Hollands meer kwaad as goed sal doen. Hy is ook ten gunste van De Waal se voorstel in „De Goede Hoop" van Januarie 1905. Dr. W. J. Viljoen se antwoord hierop is dat dit tog nie die bedoeling van mnr. Louw, of wie ook, kan wees om oor 'n voldonge feit 'n briefwisseling te wil aanknoop nie.

Die redakteur van „Ons Land" skryf in 'n hoofartikel[2] dat elkeen homself die vraag moet stel hoe hy die belange van die Hollandse taal in Suid-Afrika die beste kan bevorder. Daar moet nie oor ondergeskikte punte getwis word nie.

In dieselfde uitgawe laat De Waal van hom hoor. Hy wys dr. Viljoen daarop dat die vereenvoudiging nog geen afgemaakte saak is nie, aangesien die universiteitsraad nog daaroor moet besluit. De Waal se standpunt dat die predikante eers geraadpleeg behoort te word, kry steun van 'n korrespondent, „B.K.". Later skaar ander korrespondente hulle ook aan die kant van De Waal. Laasgenoemde skryf self ook weer aan „Ons Land"[3] om die blad aan te val, omdat hy so

(1) D.G.H., Februarie 1905
(2) O.L., 24 Januarie 1905
(3) O.L., 28 Januarie 1905

voorbarig was met die invoer van die vereenvoudigde skryfwyse.

Eers 'n paar maande hierna sou daar weer 'n kwaai uitbarsting kom oor die kwessie van vereenvoudiging, met De Waal midde in die stryd. 'n Artikel van De Waal in „De Goede Hoop"(1) het hom die grimmigheid van dr. Viljoen op die hals gehaal. In daardie nommer van sy blad skryf De Waal dat die besluit oor vereenvoudiging nie op die onlangse vergadering van die universiteitsraad ingedien is nie, deels weens die afkeer waarmee die veranderings deur Afrikaners, insluitende predikante, ontvang is, deels weens die verdeeldheid in Taalbond-geledere daaroor. Die volgende byeenkoms van die universiteitsraad sou eers in Julie wees. Voorlopig hoef onderwysers en leerlinge hul nie te bekommer oor die spreektaal van Holland en die skryftaal van Kollewijn nie. Voorts skryf De Waal dat 'n voorstel van J. H. Hofmeyr (Onse Jan) deur die Taalbond afgestem is dat beide stelsels van Hollands (die gewone en die vereenvoudigde) voorlopig in dieselfde eksamenantwoorde gebruik mag word. Ander, behalwe Onse Jan, was ook ten gunste van so 'n voorstel, omdat dit dwang sou uitstel, maar daar was teenstand van 'n onverwagte bron, nl. van 'n invloedryke lid van die universiteitsraad, „'n diep filoloog maar 'n vlak mensekenner". Vervolgens verklaar De Waal dat indien die „Kollewijn-manne" volhard om die Taalbond-voorstelle deur die universiteitsraad aangeneem te kry, „zullen wij ons verplicht gevoelen alle mogelijke stappen te nemen om de poging de nekslag te geven, want wij zijn ten diepste overtuigd dat als de resolutie wet wordt, de uitwerking op onze taal treurig zal zijn".

Dr. Viljoen ontken in „Ons Land" dat daar verdeeldheid in die Taalbond-geledere is; ook dat die universiteitsraad

---

(1) D.G.H., Maart 1905

eers weer in Julie vergader. Hy trek De Waal se bevoegdheid in twyfel om hom in te laat met ingewikkelde taalvraagstukke.

Hierop volg 'n kwaai antwoord van De Waal,(1) sodat die redakteur van „Ons Land" moes waarsku teen persoonlike aanvalle. Insake sy vorige bewering dat daar verdeeldheid heers in die Taalbond-geledere oor die invoering van vereenvoudiging, verwys De Waal na Onse Jan as getuie. Hy verduidelik dat hy bedoel het daar is verdeeldheid oor die toelaatbaarheid van albei stelsels van Hollands in dieselfde eksamenantwoorde. Voorts verwys hy na professor de Vos as getuie in verband met 'n brief wat die moderatuur van die Kerk aan die Taalbond gestuur het om hulle stem te laat hoor teen die vereenvoudiging.

Van „Ons Land" verskuif die gevegsterrein weer 'n slag na „De Goede Hoop".(2) De Waal dryf weer die spot met die voorstel oor „Woordenkeus". In dieselfde nommer van die blad is daar ook 'n brief van „Amicus" (professor de Vos, die voorsitter van die Taalbond) wat 'n waarskuwing rig aan die redakteur. Hy betreur die bespreking oor die taalvereenvoudiging in „De Goede Hoop". Hy beweer ook dat De Waal se houding tweedrag skep in hulle geledere. „Amicus" praat ook van die baie intekenaars wat lus het om te bedank. Die redakteur se antwoord is dat dit elkeen vry staan om sy gevoelens in „De Goede Hoop" uit te druk. Hy is van mening dat die besluit van die Taalbond-konferensie baie kwaad gaan veroorsaak. Sy doel is om die voorstelle òf te vernietig òf gewysig te kry.

Aan die eenkant is dit De Waal kwalik geneem dat hy hom beywer om die vereenvoudigings-voorstelle te laat verongeluk, terwyl hy na die sin van sommige nie ver genoeg gegaan het nie. In 'n brief aan „De Goede Hoop" kla „Woodstocker" dat De Waal wat eers so teen die vereenvoudiging

---

(1) O.L., 14 Maart 1905

(2) D.G.H., April 1905

gekant was, nou begin kop intrek. De Waal sou gesê het dat hy tevrede sou wees, as die vereenvoudiging sonder dwang ingevoer word.[1]

Na aanleiding van 'n brief van „Vrind" skryf De Waal insake die taalvereenvoudiging: „Wij zijn het met u eens dat het voortbestaan van Nederlands in Zuid-Afrika uitsluitend afhang van het voortbestaan van Afrikaansch."[2]

(e) Minder Afrikaanse bydraes in „De Goede Hoop".

Teen die middel van 1905 begin die aantal Afrikaanse bydraes in „De Goede Hoop" aansienlik te verminder. 'n Korrespondent, „M.H.N", skryf hieroor, en De Waal se antwoord aan hom is: „Leid niet af uit onze traagheid in 't opneem van u contributies dat wij ze niet waarderen. Sommige lezers hebben er bezwaar tegen dat er te veel stukken in 't Afrikaansch in ons tijdschrift verschijnen. We vreezen dat die vrinden met dit nummer ontevreden zullen zijn, maar we kunnen ze de verzekering geven, dat na Julie de Bijdragen in 't Kaapsch-Hollandsch een zeer gering deel van ons maandblad zullen opnemen."[3]

Die tyd het aangebreek dat De Waal versigtig te werk sou moes gaan, indien hy nie sy blad wou prysgee nie. 'n Paar Kaapstadse vriende, waaronder ook lede van „De Goede Hoop"-kommissie, het hom gewaarsku om nie soveel Afrikaans in die blad te laat voorkom nie.[4] Later het De Waal in „Die Burger" verklaar dat hy uiters versigtig te werk moes gaan om nie met die uitgewers, die kommissie of lesers te bots nie. „Ek moes slegs op oordeelkundige manier te werk gaan. Ek het nie die verderflike gedragslyn ingeslaan van teen Nederlands op te tree nie. Inteendeel, ek het daarop nadruk gelê dat die dogter die hulp van die moeder erg nodig het" en „Ek het nie die fout begaan om rekrute te wil win

(1) D.G.H., April 1905
(2) D.G.H., Junie 1905
(3) D.G.H., Junie 1905
(4) Herinnerings, p.135

deur my bepleitings vir die beter erkenning van my taal alleen deur middel van daardie taal self te doen nie".[1]

Vanaf die tweede helfte van 1905 tot feitlik aan die begin van 1907 was die aantal Afrikaanse bydraes in „De Goede Hoop" baie minder as voorheen. Sommige maande het dit slegs 'n halwe kolom uit die agt-en-veertig beloop.

(f) De Waal tree in verbinding met Preller.

In die noorde van Suid-Afrika het daar ook intussen stryders vir Afrikaans op die voorgrond begin tree. Na aanleiding van 'n toespraak van Onse Jan oor die onderwerp „Is 't ons ernst?" (waarmee hy erns met Nederlands bedoel het) het Gustav Preller in „De Volkstem" vanaf 19 April tot 14 Junie 'n reeks artikels geskryf onder die opskrif „Laat 't ons toch ernst wezen." Hierin het hy getoon dat hy 'n vurige voorstander van Afrikaans was. Hy het aan almal wat met hom saamstem 'n oproep gedoen dat hulle met hom in verbinding moes tree, aangesien hy die stigting van 'n Afrikaanse Taalgenootskap beoog het.[2]

Dit was eers twee maande later dat De Waal met Preller se artikels kennis gemaak het in „Ons Land". Dit was vir hom 'n aangename verrassing om 'n mede-stryder in Pretoria te vind. Hy tree dan in verbinding met Preller, maar omdat hy meen dat laasgenoemde 'n Hollander is, skryf hy in Hoog-Hollands aan hom. Hy wil ook graag van hom weet wat hy bedoel as hy van Afrikaans praat, want vir hom (De Waal) is dit die taal soos dit deur die boerebevolking gepraat word. Die volgende verrassing vir De Waal is Preller se antwoord in Afrikaans, waaruit blyk dat hy 'n Afrikaner is.[3]

Professor de Vos het in „Ons Land" sy stem laat hoor teen die voorgenome stigting van 'n Afrikaanse Taalgenootskap deur Preller. In dieselfde nommer[4] verskyn ook 'n hoofartikel

---

(1) D.B., 12 Augustus 1921

(2) Triomf, pp.246 - 254

(3) Herinnerings, pp.163-164

(4) O.L., 29 Augustus 1905

„Vecht niet in eigen kamp." Hiermee wou die redakteur, F. S. Malan, eintlik die voorstanders van Afrikaans beweeg om af te sien van hulle pogings, aangesien dit tot verbrokkeling aanleiding sou gee. De Waal laat nie die geleentheid verbygaan sonder om daarop te antwoord nie. Hy skryf (1) dat die hoofartikel in „Ons Land" hom teleurgestel het, aangesien hy gemeen het dat die redakteur, 'n Afrikaanssprekende, hom vir Afrikaans sou beywer het. Hy het hom vergis, want die redakteur wou die konserwatiewes tevrede stel. Hy sê dat die blad se houding op die volgende neerkom: „We moeten eens zijn wat onze taal betreft, maar onze schrijftaal moet niet Afrikaans zijn." Volgens die blad moet die Afrikaners vir wie hulle taal dierbaarder is as enige ander, nie strewe vir sy verheffing nie ter wille van die eensgesindheid. De Waal noem die voorbeeld van Chaucer in Engeland. As hy hom nie vir Engels beywer het nie, sou Frans miskien die taal van Engeland geword het. Netso het Goethe hom in Duitsland vir sy versmaaide volkstaal beywer. Voorts verklaar De Waal dat hy saamstem dat eensgesindheid uitstekend is, „maar moet ik ter wille daarvan, mijn taal op de achtergrond laten liggen als iets dat niet degelijk of fatsoenlijk genoeg is voor de beschaafde pen?" Hy gee toe dat verdeeldheid in eie geledere nie goed is nie, maar jy mag nie ter wille van eensgesindheid jou plig versaak nie. Hy verlang ook sterk na eendrag, maar hy voeg daaraan toe: „Ik ben niet gewillig de rechtmatige wettige eischen van mijn eigen taal, een taal die voor geen andere in verdienste en kracht ten achteren staat, te laten varen." Ons nasie het al baie ter wille van eendrag opgeoffer, en as daar so voortgegaan word, sal spoedig niks anders as eendrag oorbly nie. Vervolgens beweer De Waal dat elkeen se gesonde verstand hom sê dat Nederlands nie sy taal is nie. Sy bevinding

---

(1) O.L., 7 September 1905

is ook, „dat geen natie in de gansche wereld 'n schrijftaal gebruikt welke zoo ver van haar spreektaal verschilt als die van den Afrikaner van de zijne; dat 't een onnatuurlijke toestand is om éène taal tot spreektaal te hebben en een anderer tot schrijftaal; dat, hoe meer wij onze taal verwaarlozen, hoe minder ze gerespecteerd en gebezigd wordt; en dat eensgesindheid op de onredelijke basis van ‚kleef aan de taal van Holland!' onmogelijk is". Hy stel nogmaals die besware teen Afrikaans aan die kaak en hy beaam weereens dat hy nie teen Nederlands gekant is nie.

Teen dieselfde tyd dat De Waal die bogemelde brief aan „Ons Land" geskryf het, verskyn daar ook in „De Goede Hoop"[(1)] 'n lang artikel van hom oor „Afrikaansch". Hy neem daarin die een en ander oor uit Preller se artikels, „Laat 't ons toch ernst wezen". Na aanleiding hiervan skryf De Waal: „We weten niet wat de heer Preller voornemens is om te doen, maar we willen hem in alle vriendelijkheid waarschuwen niet te haastig te werk te gaan. Men moet, b.v. vooreerst er niet aan denken by Universiteit of Onderwijsdepartement te gaan aandringen op de erkenning van Afrikaansch als schrijftaal. In dat geval zou men een goede zaak bederven. De tijd is nog niet rijp voor zoo 'n eisch. De invoering van Afrikaansch als schrijftaal moet zacht en geleidelijk geschieden." Voorts beveel hy aan dat die voorstanders van Afrikaans die taal in gesprekke, toesprake en briewe moet gebruik. Langsamerhand moet daar dan ook 'n letterkunde opgebou word. As daar dan by die gesaghebbendes aangeklop word, sal hulle nie kan weier nie. De Waal sê voortgaande dat hy nie veel van Preller se spelling hou nie, maar dit is 'n ondergeskikte saak. As die Afrikaners nie hulle taal eer nie, sal die kosbare erfenisse van hulle voorouers verlore gaan. Afrikaans en Nederlands gaan hand aan hand. Onder

(1) D.G.H., September 1905

die voorstanders van Afrikaans, word die beste vriende van Nederlands in Suid-Afrika aangetref. As 'n mens Afrikaans teenwerk, word Engels in die hand gewerk, sluit De Waal sy betoog af.

In die September-nommer van „De Goede Hoop" verskyn ook nog die eerste hoofstuk van De Waal se „Africander Grammar". Dit was die Afrikaanse taalreëls in Engels opgestel. Die volgende hoofstuk het in November verskyn, maar daarna moes De Waal dit staak, omdat van sy lesers beswaar gemaak het teen die verskyning van Engels in hulle blad. Dit is toe in boekvorm uitgegee.(1)

In die November-nommer van „De Goede Hoop" plaas De Waal 'n brief van Joh. Visscher, redakteur van „De Vriend", oor die Afrikaanse taal. Visscher skryf onder meer: „Daarom moet ons jonge mense aanmoedig om Afrikaans te skrywe. Hier is hul toekoms en nie in Hollands nie", en „Dis die rede dat ik u, meneer Editeur, ernstig versoek, om jou taal al meer en meer in jou volkstijdschrif te laat gebruik."(2)

(g) <u>Die Taalstryd in die suide in 1906</u>.

Teen die einde van 1905 is die Afrikaanse Taalgenootskap in die noorde gestig. In die suide is daar gedurende die eerste helfte van 1906 'n betreklike stilte en kalmte op taalgebied, want hoewel De Waal Preller se optrede in die noorde volkome gesteun het, moes hy in die suide met die uiterste takt en oorleg te werk gaan. Hiervan getuig 'n brief wat De Waal indertyd aan Preller geskrywe het. Onder meer sê hy: „Ek het die beweging wat u met soveel vuur aan die gang geset het, met baiing bespreek, en ek moet u sê dat di meeste ni alte gunstig gesind is ni, ofskoon ek so nou en dan daarin slaag om een tot bekering te bring." Voorts vertel hy hoe mense soos adv. Malan, mnr. A.J.S. du Plessis en Onse Jan hom afgeraai het om taalkwessies in sy

(1) Herinnerings, p.179

(2) D.G.H., Oktober 1905

blad te bespreek. Insake die stigting van ʼn taalvereniging in die suide, verklaar De Waal: „Wat u suggesti betref om ʼn takvereniging in di Kaap te stig, ek dink dat dit bes is om ʼn beetji daarmee te wag. Laat di suurdeeg nog eers wat rys."(1)

Nieteenstaande die geringe bedrywigheid op taalgebied in die suide gedurende die eerste helfte van 1906, het De Waal ʼn mosie van vertroue vir sy optrede in die belang van Afrikaans gekry. Dit was toe die invloedryke vroue-organisasie, die A.C.V.V., besluit het om „De Goede Hoop" hulle amptelike orgaan te maak. Daar moes gekies word tussen die „Unie", die blad van dr.Viljoen, en „De Goede Hoop". Die standpunt wat De Waal ten opsigte van Afrikaans ingeneem het, sou vir baie ʼn struikelblok wees, maar „De Goede Hoop" is met ʼn meerderheid van drie stemme verkies.(2)

Dit het nou vir De Waal nodig geword om aan korrespondente te verduidelik waarom die aantal Afrikaanse bydraes dan verminder het. ʼn Korrespondent, N.S. de V., skryf: „Waarom verschijnen er tegenwoordig minder stukken in 't Afrikaansch dan vroeger? Het zijn juist zoodanige stukken die het meest den aandacht trekken en het best bijdragen om het tijdschrift populair te maken."(3) De Waal se antwoord hierop is dat daar nog geen Afrikaanse bydraes afgewys is nie. Hy wys die korrespondent ook daarop dat die hoofskryftaal aan die Kaap Hoog-Hollands en nie Afrikaans is nie. „De Goede Hoop" volg maar net die gebruiklike skryftaal.

In dieselfde nommer van „De Goede Hoop" is daar ook ʼn brief van „Afrikaander" oor die vraag „Welke Taal?" Hy kla oor die invoering van vereenvoudigde Nederlands, maar hy is ook gekant teen Afrikaans as skryftaal. „Het is in 't geheel

---

(1) Triomf, p.276

(2) Herinnerings, p.183

(3) D.G.H., Julie 1906

geen taal", sê hy. Hy voel besorgd oor die verdeeldheid in eie geledere, en dit is sy vurige hoop dat Afrikaans nooit die kanseltaal sal word nie. In sy antwoord verklaar De Waal dat die kernvraag is of Afrikaans of Nederlands die skryftaal in Suid-Afrika moet wees. Dit is nie 'n kwessie van die een taal teen die ander nie, want geen liefhebber van Afrikaans is 'n vyand van Nederlands nie. Hieraan voeg hy toe dat of dit nou aangenaam is om dit te wil erken of nie: „Indien de Afrikaner een eigen taal in stand wil houden hij zijn spreektaal, Afrikaans, hooger op prys moet stellen en haar hare rechten geven moet." Hy vind ook geen grond vir die korrespondent se bewering dat Afrikaans nie fatsoenlik genoeg is om as skryftaal te dien nie.(1)

(h) De Waal kry mede-stryders.

Tot dusver het De Waal in die suide feitlik op eie houtjie die stryd vir Afrikaans gevoer. Geen aanslag teen sy taal het hy laat verbygaan, sonder om dit kragdadig die hoof te bied nie. Die steun wat hy gekry het, was maar sporadies. In die tweede helfte van 1906 het die posisie heelwat verander met die aankoms van dr. D. F. Malherbe in Kaapstad, nadat hy sy studies in die buiteland voltooi het. Drs. A. I. Perold en D. F. du Toit Malherbe was teen daardie tyd reeds in die suide gevestig, en daar hierdie drie almal vurige voorstanders van Afrikaans was, het De Waal in hulle bekwame en gewillige medestryders gevind. Op hierdie wyse is De Waal se hande gesterk in die stryd. Ander voorstanders van Afrikaans wat hulle ook teen daardie tyd in Kaapstad kom vestig het, was adv. Pohl en mnr. Willie Hofmeyr.

---

(1) D.H.G., Julie 1906

# Hoofstuk 111

## Die Stigting van die A.T.V. en die verdere verloop van die Taalstryd tot ongeveer 1915.

### (a) Die Stigting van die Afrikaanse Taalvereniging.

Nadat die pro-Afrikaanse geledere in Kaapstad versterk is, kon daar tot die daad oorgegaan word. De Waal en drs. Perold, D. F. Malherbe en Du Toit Malherbe het verskeie kere in De Waal se kantoor vergader en tot die besluit gekom dat daar oorgegaan moes word tot die stigting van 'n vereniging in die suide om vir die bevordering van Afrikaans te ywer. In verband hiermee verklaar De Waal self dat hy nie weet of hy ooit ernstiger in sy lewe gesukkel het om 'n onderneming te laat slaag nie. Hy vertel hoe hy dadelik aan die werk gespring het om al sy nasionaalgesinde vriende onder die regsgeleerdes en die geneeshere in die Kaap persoonlik, een vir een, te gaan opsoek om hulle te beweeg om hulle steun aan so 'n vereniging te gee. By meer as een het De Waal dit opdraand gekry. Die vernaamste beswaar was nie „dat Afrikaans te veel van 'n 'kombuistaal' was nie, maar dat dit noodlottig vir Hollands in die algemeen in Suid-Afrika sou wees as ons die Nederlandse vorm teenwerk, daar Afrikaans nie opgewasse was teen Engels nie."[1]

Op 5 Oktober word daar toe 'n voorlopige vergadering in De Waal se kantoor gehou. Op hierdie vergadering wat deur nege persone bygewoon is, word besluit dat 'n kommissie, bestaande uit De Waal, dr. Perold, dr. D. F. Malherbe en adv. Roux, middele moet beraam tot die stigting van 'n Afrikaanse vereniging. Hierdie stap het vir De Waal die misnoeë van sy oom, Onse Jan, op die hals gehaal, want daardie Afrikanerleier was nog altyd 'n voorstander van Hollands.[2]

---

(1) Herinnerings, p. 191

(2) Herinnerings, p. 192 - 194

In „Ons Land" het die benoemde kommissie aangekondig dat daar op 3 November 1906 verslag gedoen sou word van hulle werksaamhede. Die vergadering is op 'n Saterdagoggend in die Wichtsaal in Kaapstad gehou en is deur sowat sewentig mense bygewoon. Belangstellendes van verskillende dorpe in die Kaapkolonie het die verrigtings bygewoon. 'n Hele aantal gelukwense van oral oor die land is ook ontvang. Onder meer het Gustav Preller en ds. W. Postma hulle seën oor die vereniging uitgespreek. Ds. Postma het ook in sy brief meegedeel dat president M. T. Steyn die Afrikaanse beweging nou goedgesind is en dit toejuig.(1)

Mnr. J. G. van der Horst het in sy voorsittersrede met die „Cape Times" en ander vyande van Afrikaans afgereken. Daarna het De Waal in 'n toespraak die aanname van die verslag van die voorlopige komitee voorgestel. Die vergadering het die voorstel goedgekeur en 'n sterk hoofbestuur is deur die vergadering gekies. Die amptenare van die vereniging wat die Afrikaanse Taalvereniging genoem sou word, sou deur die hoofbestuur aangestel word. Dr. D. F. Malherbe is tot president benoem en De Waal het die onder-president geword. Die statute van die vereniging sou deur 'n komitee van vyf lede, insluitende De Waal, opgestel word.

Kragtens hierdie statute wat later opgestel is, het die Afrikaanse Taalvereniging Afrikaans erken as die taal van die Afrikaner, en sou die Vereniging die aanmoediging daarvan voorstaan. Die doelstelling van die vereniging sou wees: die suiwer gebruik van Afrikaans as spreektaal sowel as skryftaal, en om liefde vir die taal by die volk aan te kweek. Onder die middele wat die A.T.V. sou aanwend, was daar die beywering vir die doeltreffender onderrig van Nederlands op skool, aangesien dit die hoofbron van Afrikaans is. Nouer samewerking sou, onder andere, ook met die Taalbond

---

(1) Herinnerings, pp. 201 en 203

gesoek word. Die statute het ook voorsiening daarvoor gemaak dat daar oral takke van die A.T.V. gestig sou word.(1) Hierdie bepaling het tot gevolg gehad die stigting van ꞌn hele aantal lewenskragtige takke op verskillende plekke. Van die sterk Kaapstadse tak het De Waal die eerste voorsitter geword.

(b) Voortgesette propaganda vir Afrikaans.

In „De Goede Hoop" skryf De Waal dat verskeie vriende gevra het watter houding die blad teenoor die pasgestigte vereniging gaan inneem, en of daar meer Afrikaanse bydraes in die blad sal verskyn. Sy antwoord hierop is dat alle verenigings wat stry vir die instandhouding van Hollands in Suid-Afrika, dus ook hierdie vereniging, op die blad se „hartelijke sympathie" kan reken. „De Goede Hoop" wens die A.T.V. alle voorspoed toe. Bydraes tot die blad sal elkeen nog volgens verdienste behandel word, sy dit Afrikaans, Nederlands of Kollewijns. Voorts verklaar De Waal dat diegene wat hulle van Afrikaans bedien, moet onthou dat ꞌn mens nie jou diepste gedagtes in Afrikaans suiwer kan uitdruk, tensy jy Nederlands goed ken nie. Aan diegene wat Nederlands gebruik, sê hy dat hulle moet onthou dat Afrikaans die taal van die hele volk is en dat die taal ryk is aan skoonheid. Nederlands en Afrikaans is wortels van dieselfde taalboom. ꞌn Mens kan nie die een wortel beskadig sonder dat die ander daardeur beskadig word nie.(2)

De Waal het sy beleid voortgesit om op taktvolle wyse vir Afrikaans propaganda te maak. Van tyd tot tyd plaas hy propaganda-artikels in „De Goede Hoop", soms deur homself geskrywe, soms deur ꞌn medewerker. Aan die begin van 1907 plaas De Waal ꞌn artikel deur N. J. Brummer onder die opskrif „Ons Enig Ooilammetjie". Hierdie skrywer beweer dat

(1) Triomf, pp.285 en 286

(2) D.G.H., Desember 1906

Afrikaans die taal van die volk is en geen „brabbeltaal" nie. Dit is ook die omgangstaal van die geletterdes en dit word met onreg 'n „kombuistaal" genoem. Diegene wat die A.T.V. mondelings aanval, doen dit tog deur middel van die taal waarop hulle neersien. Dit is reeds genoegsame bewys dat niemand uit sy eie vel kan spring nie. Voortgaande skryf hy dat die houding van die A.T.V. teenoor Nederlands soortgelyk is aan die van 'n persoon teenoor sy kisklere - „iets stijfs en deftigs bij stijve en deftige gelegenhede". Die A.T.V. wens nie om Nederlands te kort te doen nie. Afrikaans word as die werksklere wat deur alle respektabele mense gedra word, beskou. Die werksklere moet opgeknap word. Baie gebruikers van Afrikaans het hulle in die verlede tot die vodde van die rommelkamer gewend. Die Afrikaanse Taalvereniging wil hulle daarvoor beywer dat die geskrifte in Afrikaans die volk waardig is.(1)

Nie alleen het De Waal na die stigting van die A.T.V. meer doelbewuste propaganda-artikels oor Afrikaans in „De Goede Hoop" geplaas nie, maar die aantal Afrikaanse bydraes het geleidelik begin toeneem. Veral in die tweede helfte van 1907 is heelwat ruimte aan Afrikaans afgestaan in die blad.

De Waal het altyd gretig gebruik gemaak in sy blad van enige gunstige uitlating oor Afrikaans deur 'n vooraanstaande persoon. In die Februarie-nommer verskyn daar 'n paar aanhalings uit 'n toespraak van professor Logeman. Hy het onder meer verklaar: „Te zeggen: Afrikaansch is geen taal is een onzinnig spelen met woorden. Het klinkt alsof het zin is, maar kan alleen dienen om de onkunde van die spreker te openbaren."(2) Op hierdie manier het De Waal gemeen om die veragters van Afrikaans te oortuig dat die taal sy plek naas ander kan inneem.

---

(1) D.G.H., Januarie 1907

(2) D.G.H., Februarie 1907

Vanaf 1907 verskyn daar in „De Goede Hoop" ook 'n gereelde rubriek, „Opmerkingen" deur Jan van Rozenburg, 'n skuilnaam vir De Waal. In hierdie rubriek het hy getrou elke aanslag teen Afrikaans afgeweer. Onder meer tree hy in die bresse vir sy taal, toe die seun van dr. Muir in „The Cape Argus" en die „Kimberley Advertiser" Afrikaans as 'n „gutter language" bestempel. De Waal se antwoord is: „Elkeen die iets van ons spreektaal af weet, moet erkennen dat ze een zachte, mooie taal is, dat haar regels wonderlik konsekwent zijn en getrou blijven aan vaste taalwetten; dat ze een oneindig zuiverder taal is dan Engels."(1) Ook verdedig Jan van Rozenburg sy taal, wanneer sir Henry de Villiers dit in 'n brief bestempel as 'n „korrupte vorm van Hollands".(2)

In hierdie rubriek word dit weereens vir De Waal nodig om Afrikaanssprekende lede van die parlement op die vingers te tik, omdat hulle nog steeds voortgaan om hulle spreektaal te verloën en Engelse toesprake af te steek. Hy kom tot die volgende slotsom: „Buiten het Huis hebben ze de taal luidruchtig lief, er binnen loochent hun handeling die liefde op jammerlijke wijse." (3)

Sedert Maart 1907 het die Taalvereniging 'n kolom in „Ons Land" tot sy beskikking gehad. Hierdie kolom is geredigeer deur De Waal. Op 5 Maart 1907 het die eerste A.T.V.-rubriek verskyn. Dit is in Afrikaans opgestel en De Waal het belangstellendes aangemoedig om stukke in Afrikaans te stuur. Voorts verklaar hy dat daar sommige is wat die voorstanders van Afrikaans uitlag en hulle „als 'n klomp gekke beskou". Hierdie mense meen dat die belangstelling in Afrikaans slegs van verbygaande aard is. Deur ander word hulle weer daarvan beskuldig dat die ywer voort-

(1) D.G.H., Junie 1907

(2) D.G.H., Julie 1907

(3) D.G.H., Augustus 1907

vloei uit 'n begeerte om vir hulself aansien en eer te verwerf. Die beskuldiging word ook teen die A.T.V.-iste ingebring dat hulle alles wat Engels is in die ban wil doen, en „daar is ook diegene di, ofskoon hulle alleen 'n gebrekkige of uiterst beperkte kennis van alleen Engels bezit, di vrijheid neem as taalkundiges op te tree en te beweer dat ‚Cape Dutch' gen taal is en nooit kan worde nie." Diegene wat werklik bevoeg is om te kan oordeel, sal besef dat so 'n houding voortspruit uit vooroordeel en onkunde. De Waal bepleit voorts die erkenning van Afrikaans as skryftaal, aangesien Nederlands nie teen Engels in Suid-Afrika opgewasse is nie.(1)

In hierdie kolom is alle aanvalle teen Afrikaans afgeweer en verslae oor geesdriftige stigtingsvergaderings van nuwe takke word gepubliseer. Breedvoerige verslae van vergaderings wat De Waal en sy strydgenote in Paarl, Swellendam, Robertson, Montagu, Prins Albert, Stellenbosch, Malmesbury en ander plekke toegespreek het, het in „Ons Land" verskyn. Die redakteur kon dan ook met genoegdoening van tyd tot tyd die vordering wat gemaak is, aankondig: „Van alle kante verneem ons dat onse vereniging vordering maak en dat die ware Taalliefhebbers o'eral begin in te sien dat ons behoort ondersteund te word, daar onse hoofd doel tog is om die ware Afrikaner karakter te behou en te beskerm."(2)

Spoedig was daar reeds twaalf takke van die A.T.V. in die Kaapkolonie.(3) Ook dr. W. J. Viljoen moes toesien hoe Stellenbosch waar hy soveel invloed uitgeoefen het, oorgaan tot die stigting van 'n A.T.V.-tak. Vooraf is daar ooreengekom dat 'n aantal studente van Stellenbosch van die hoofbestuurslede van die Taalvereniging sou uitnooi om hulle

---

(1) O.L., 5 Maart 1907

(2) O.L. 13 Julie 1907

(3) Triomf, pp.304-305; Herinnerings, pp.220-221

daar te kom inlig insake die vereniging se doelstellings. Op 21 Oktober 1907 is die vergadering daar deur dr. W. J. van Zijl en De Waal toegespreek. Laasgenoemde het daarop gewys dat dieselfde vooroordele wat teen Afrikaans bestaan, ook geheers het teen die groot tale van Europa. Die teenstanders van Afrikaans op daardie vergadering was nie sterk in getal nie, en na die toesprake is daar oorgegaan tot die stigting van 'n tak. Hierdie „verowering" van Stellenbosch was van groot betekenis, omdat dit die vesting was van dr.Viljoen, die taalleier destyds, en prof. de Vos, die voorsitter van die Taalbond.(1)

Die A.T.V. was dus spoedig 'n lewenskragtige organisasie. Hulle het persoonlike oortuigingswerk gedoen, takvergaderings, voorlesings, konserte, gesellige aande, prysvrae en toneelopvoerings gehou.(2) Die gevolg was dat daar nie slegs in die bedrywighede van die Vereniging belanggestel is nie, maar ook die belange van Afrikaans is daardeur bevorder. In teenstelling met die Genootskap van Regte Afrikaners wat nooit die belangstelling van die intellektuele Afrikaners kon wek nie, het die A.T.V. juis daardie groep Afrikaners in hulle geledere getel. Om hierdie rede is Afrikaans langsamerhand losgemaak van die benamings „kombuis-" en „brabbeltaal".

De Waal was in 1907 ook op 'n ander gebied verantwoordelik vir belangrike vordering wat Afrikaans gemaak het. Dit was op die gebied van die regspleging. In April 1907 het De Waal voor die Rondgaande Hof op Malmesbury sy pleidooi in Afrikaans gelewer. Die regter, sir H. J. de Villiers, het dit toegelaat, omdat die beskuldigde en getuies makliker die verhoor kon volg. Ander advokate, soos adv. Pohl, het spoedig De Waal se voorbeeld gevolg.

---

(1) Herinnerings, pp.223 - 228

(2) Herinnerings, p.204

Op hierdie manier het Afrikaans erkenning verkry in die Rondgaande Howe waar die getuies gewoonlik Afrikaanssprekendes was. Nie lank daarna nie is Afrikaans ook in die Hooggeregshof aan die Kaap erken. De Waal was een van die eerste advokate wat Afrikaans in die Kaapse balie gebruik het.(1)

(c) <u>De Waal se aandeel aan die Taalstryd gedurende 1908 en daarna.</u>

Die stigting van die A.T.V. en die groei en bloei van daardie vereniging het nog nie die einde gebring van die geskimp op Afrikaans en sy voorstanders nie. De Waal moes dus nog gedurig op sy hoede wees teen die veragters van Afrikaans. Onder andere word met adv. Greer afgereken wat Afrikaans as 'n soort verbastering beskou en wat smalend van die A.T.V.-lede gepraat het. Ook word die frontverandering van dr. W. J. Viljoen aan die kaak gestel,(2) want hy het in 1894 in sy proefskrif, „Allgemeine Einleitung zur Geschichte des Cap-Holländischen", Afrikaans verdedig. Onder meer het dr. Viljoen destyds die volgende vraag gestel: „As Afrikaans geskik is as voertaal van mondelinge gedagtewisseling, waarom kan hy nie net so geskik wees, of gemaak word, om hom tot skryftaal te laat verhef nie?" Daardie sienswyse loënstraf hy nou met sy optrede teen Afrikaans.

Aan diegene wat gesukkel het om met Hollands oor die weg te kom, gee De Waal die verstandige raad: „Als ge geen Nederlands kent, mijn vriend, kies Afrikaansch tot u schrijftaal." Gewone Afrikaans is beter as verminkte Hollands. Hy noem dan ook ter inligting 'n aantal Afrikaanse spelreëls.(3)

---

(1) D.B., 21 September 1921, en D.G.H., Julie 1907

(2) D.G.H., Januarie 1908

(3) D.G.H., Oktober 1908

Insake die spellingkwessie is daar deur die A.T.V. 'n komitee aangestel. De Waal het kant gekies vir die fonetiese spelling, dog nie soortgelyk aan die van ds. du Toit nie. 'n Ander groep was ten gunste van 'n spelling nader aan die Nederlandse. Die spelling van De Waal se „Johannes van Wyk" (eerste druk) is later in hoofsaak gevolg.(1)

Van tyd tot tyd het De Waal nuwe verdedigers van die volkstaal verwelkom. In „De Goede Hoop" verwelkom hy professor Lodewycksz van Stellenbosch as 'n knap rekruut.(2) In die volgende nommer verwys hy na die inougurele rede van dr. P. J. du Toit van die Suid-Afrikaanse Kollege waarin die professor getuig het van sy hoë dunk van Afrikaans. De Waal trek egter te velde teen die Maleis-Portugese teorie wat dr. du Toit daarop nahou. Hy verklaar dat volgens die professor se manier van redeneer dit maklik behoort te wees om te kan bewys dat Grieks van Chinees of Hottentots afkomstig is.(3)

Deur bemiddeling van Onse Jan het die Taalbond Afrikaans mettertyd as 'n selfstandige taal erken, en 'n versoening is teweeggebring tussen die A.T.V. en die Taalbond. Hieruit het gevolg die stigting van die „Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst". De Waal is ook tot lid van hierdie liggaam gekies.(4)

Toe De Waal later Volksraadslid word, het hy die stryd om die erkenning van Afrikaans voortgesit. In Maart 1918* het hy die volgende voorstel in die Volksraad ingedien:

---

(1) Herinnerings, p.220 (3) D.G.H., Desember 1908
(2) D.G.H., November 1908 (4) Triomf, pp.314 - 316

* Die Afrikaanse Taalstryd het nie in die jare wat intussen verloop het, stilgestaan nie, want sedert 1912 het 'n ander vurige stryder vir Afrikaans op die voorgrond begin tree, nl. C.J.Langenhoven. In 1912 het hy redakteur van „Het Zuid-Westen" geword, en toe het hy op onverskrokke wyse in daardie blad vir Afrikaans propaganda gemaak. Toe Langenhoven in 1914 onbestrede verkies is tot Provinsiale Raadslid vir Oudtshoorn, was dit sy vaste voorneme dat Afrikaans op skool die voertaal vir die Afrikaanse kind veral in die laer klasse moes word. Op sy voorstel is die beginsel eenparig deur die Provinsiale Raad aanvaar dat die Afrikaanse kind tot en met standaard vier in sy moedertaal onderrig

moes ....

„Dit Huis beschouwt dat voor de doeleinden van staats-administratie Afrikaans worde inbegrepen onder Hollands als een van de officiële talen van de Unie."

Hierdie voorstel van De Waal is in geamendeerde vorm aangeneem, wat daarop neergekom het dat vir staatsdiens-doeleindes buite die Parlement „Afrikaans inbegrepen (wordt) onder Hollands als een van de officiële talen van de Unie", maar vir die opstel van wetsontwerpe en wette sou alleen van die vereenvoudigde vorm van Hollands gebruik gemaak word.[1] In verband met hierdie gebeurtenis verklaar Langenhoven dat De Waal wel nie alles bereik het wat hy hom ten doel gestel het nie, maar dat hy tog „die hele staatsdiens in al sy vertakkings vir Afrikaans oopgesit" het.[2]

(d) <u>Die Polemiek in „Die Burger" tussen De Waal en dr. E. C. Pienaar</u>.

In „Die Burger" van 12 en 13 Augustus 1921 het De Waal twee artikels geskrywe oor, „Hoe en Waarom ‚Johannes van Wyk' ontstaan het". De Waal noem dan die redes soos reeds in Hoofstuk 11 onder die opskrif „De Waal word Romanskrywer" uiteengesit. Voorts wys hy ook daarop dat sy houding ten opsigte van Afrikaans meegebring het dat „De Goede Hoop" baie van sy ouer intekenaars verloor het. Dit het egter in die smaak van die jong lesers geval en vir elkeen van die ouer geslag wat bedank het, het 'n paar jongeres aangesluit. Voortgaande noem De Waal die houding van Onse Jan

---

(1) Triomf, pp.358 - 359

(2) Aandeel, p.233

moes word. In dieselfde jaar het hy ook 'n kragtige rede voor die Akademie in Bloemfontein gelewer wat as gevolg gehad het dat die Provinsiale Raadsbesluite insake Afrikaans (die ander provinsies het die voorbeeld van die Kaapprovinsie gevolg) goedgekeur is. 'n Kommissie is deur die Akademie benoem om aandag te skenk aan die opstel van Afrikaanse boekies vir gebruik in die skole.

as een van die stremmende invloede op die vordering van Afrikaans. In hierdie verband skryf hy: „Die onwilligheid van daardie alomvertroude Afrikaner-leier om sy gewig by ons geesdriftige jongspan in te gooi, het meer as enige faktor bygedra om die beweging te belemmer onder die ouer geslag. 'n Openbare woordjie van sy lippe of met sy pen ten gunste van die status van ons spreektaal sou as 'n towerslag gewerk het." [1]

De Waal wys ook op die ultra-fonetiese spelling van „Di Patriot" en ds. du Toit se politieke frontverandering as ander oorsake wat die vordering van Afrikaans gestrem het. Voorts noem hy die gunstige ontvangs van „Johannes van Wyk" en hy noem 'n aantal voorstanders van Afrikaans in die noordelike provinsies.[2]

In 'n brief aan „Die Burger" bestempel dr. Pienaar die artikels van De Waal as te veel „bedekte selfverdediging en selfverheerliking". Volgens die skrywer is die artikels eintlik gemik teen die prestasies van ds. S. J. du Toit. Insake die aanvangsdatum van die Tweede Afrikaanse Beweging, sê dr. Pienaar dat De Waal daardie datum wil lokaliseer tot die Kaapprovinsie. Preller se bydrae word nie genoeg beklemtoon nie. „Laat 't ons toch ernst wezen" het baie bygedra tot die ontwaking op taalgebied; ook is die A.T.G. reeds in Desember 1905 gestig, terwyl die A.T.V. eers in November 1906 gestig is. Dit laat dr. Pienaar tot die slotsom kom dat „die eerste georganiseerde beweging met 'n sistematiese propaganda ten gunste van Afrikaans as skryftaal, van Pretoria af uitgegaan het".[3] Dr. Pienaar haal 'n brief aan wat De Waal aan Preller geskryf het, toe die beweging in die noorde reeds in volle gang was. Hierin het De Waal gewag gemaak van die konserwatisme van die mense

---

(1) D.B., 12 Augustus 1921

(2) D.B., 13 Augustus 1921

(3) D.B., 22 Augustus 1921

aan die Kaap en dat die tyd nie geleë is vir die stigting van 'n vereniging in die suide nie. 'n Ander saak wat deur dr. Pienaar aangevoer word is die anglisismes in De Waal se werk. Hy skrywe dat laasgenoemde liewer ruiterlik moet „erken dat sy spraak destyds die verknoeide produk was van 'n verknoeide skoolopvoeding".[1]

In sy antwoord beskuldig De Waal dr Pienaar daarvan dat hy die beweging wil lokaliseer tot die noorde. Hy konstateer dat enkele lede van die A.T.V. individueel meer bygedra het tot die vooruitgang van Afrikaans as die hele A.T.G. Die Taalbeweging in die suide het ook niks gely deur die uitstel van die stigting van 'n vereniging nie. Volgens De Waal was die A.T.V. 'n baie lewenskragtiger beweging, omdat oral takke gestig is. Selfs in Johannesburg en Potchefstroom het mense by die A.T.V. aangesluit. Hy wys ook daarop dat dit eintlik die A.T.V.-spelling is wat geseëvier het, dat die studerende jeug wat later baie sou uitrig in Kaapstad, Stellenbosch en Wellington gekonsentreer was. Voorts wys hy daarop dat propaganda vir Afrikaans in „De Goede Hoop", gewig sou dra, omdat dit die erkende maandblad was, weens die ondersteuning wat Onse Jan daaraan gegee het. 'n Ander faktor wat die beweging in die suide lewenskragtiger gemaak het, was die bekwame stryders soos drs. D. F. Malherbe, du Toit Malherbe en A. I. Perold.[2]

Die polemiek het nog voortgeduur in „Die Burger" van die 14e, 16e en 22e September 1921. By tye het dit tot skerp persoonlike aanvalle aanleiding gegee.

„Die Huisgenoot" het 'n oorsigtelike opsomming gegee van die vernaamste punte wat in die polemiek geopper is, en probeer dan om tot 'n gevolgtrekking te kom. Volgens „Die Huisgenoot" het die polemiek veral oor die volgende drie punte gegaan:

---

(1) D.B., 22 Augustus 1921

(2) D.B., 5 September 1921

(a) Het ds. S. J. du Toit die dood van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging veroorsaak?

(b) Waar het die Tweede Afrikaanse Taalbeweging begin?

(c) Was die betreklik groot aantal anglisismes in „Johannes van Wyk" gewettig?

Volgens die beskikbare inligting verklaar „Die Huisgenoot" dat op die eerste vraag 'n bevestigende antwoord gegee moet word, hoewel ds. du Toit nie willens en wetens die beweging laat verongeluk het nie. In verband met die tweede vraag skryf die blad dat 'n mens jouself moet afvra, „Wat is 'n beweging?" Die „Woordenboek der Nederlandsche Taal" gee as definisie van beweging dat dit „vooruitgang, verandering, omwenteling, opskudding" is. As dit die geval is, gaan die blad voort, dan het die Tweede Beweging definitief in die suide begin. Ook ten opsigte van die bedrywighede van die A.T.V. en die A.T.G. kom „Die Huisgenoot" tot die gevolgtrekking dat die suidelike vereniging groter lewenskragtigheid aan die dag gelê het.(1)

(e) <u>Slot</u>

'n Vername verdienste van De Waal as taalstryder is dat hy nie afgewyk het van sy standpunt wat hy ten opsigte van Afrikaans ingeneem het nie, hoewel daar baie faktore was wat hom kon ontmoedig het. Die sterk vooroordeel teen Afrikaans as gevolg van ds. S. J. du Toit se optrede, moes eers verwyder word. Verder was die konserwatiewe element die sterkste in die suide, want die kerklike leiers, die Taalbond en dr. W. J. Viljoen, die taalleier met die meeste gesag destyds, was almal vurige voorstanders van Hollands en gekant teen Afrikaans. Hierdie dinge het De Waal nie afgeskrik nie en hy het op die ingeslane weg volhard.

Wat het De Waal nou eintlik met sy stryd vir Afrikaans bereik?

---

(1) D.H., September en Oktober 1921

Ten eerste blyk dit dat De Waal se optrede in die suide die Tweede Afrikaanse Taalbeweging ingelui het. As die definisie wat die „Woordenboek der Nederlandsche Taal" van die woord beweging gee, aanvaar word, moet die eer De Waal toekom. Hy was die eerste om na die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog met doelbewuste propaganda vir Afrikaans te begin.

Ten tweede kan gekonstateer word dat De Waal in 'n groot mate verantwoordelik was vir die styging in aansien van Afrikaans. Dit het hy gedoen deur die vooroordele teen Afrikaans by elke beskikbare geleentheid aan die kaak te stel en aan te toon dat Afrikaans vir geen taal ter wêreld hoef agteruit te staan nie. 'n Ander manier waarop De Waal gehelp het om die status van Afrikaans te verhoog, was om lektuur in Afrikaans te verskaf. Hoewel sy eie romans, „Johannes van Wyk" en „Die Tweede Grieta" seker geen letterkundige waarde besit nie, het hulle tog in 'n behoefte voorsien. Die romans is gretig gelees en belangstelling in Afrikaans is opgewek. Jeugdige lesers en onkritiese persone lees vandag ook nog graag die historiese romans van De Waal.

Ten derde kan sy propaganda in „De Goede Hoop" genoem word as 'n faktor om die Afrikaner taalbewus te maak. Ten spyte van die feit dat die voogde van die blad voorstanders van Hollands was, het hy voortdurend die belange van Afrikaans bepleit. Ook het hy nie geskroom om die Taalbond-voorstelle insake „Vereenvoudigde Hollands" met alles in sy vermoë te beveg nie. De Waal se besware moes baie daartoe bygedra het om die vereenvoudiging ongewild te maak onder Afrikaners; daarvan getuig die steun wat hy van korrespondente in „Ons Land" en „De Goede Hoop" gekry het.

Dit was ook grotendeels aan die ywer van De Waal te

danke dat daar in November 1906 tot die stigting van die A.T.V. oorgegaan kon word. Hy het persoonlik baie vooraanstaande Afrikaners bearbei om hulle ondersteuning te verkry. Die bedrywighede van hierdie lewenskragtige vereniging het die weg gebaan vir die optrede van Langenhoven, want die aanvoorwerk was reeds agter die rug.

Ander persoonlike prestasies van De Waal op taalgebied was die erkenning van Afrikaans in die Rondgaande Hof in 1907 en in die Kaapse Hooggeregshof kort daarna. Voorts is daar ook nog die erkenning van Afrikaans in die staatsdiens in 1918.

Langenhoven gee in sy boek, „My Aandeel aan die Taalstryd" 'n opsomming wat kensketsend is van die rol van De Waal in die beginjare van die Tweede Beweging. Hy skryf: „Vernamelik as ek een mag uitsoek onder ander verdienstelikes, gryp ek met gretigheid die geleentheid aan om die naam te noem van 'n man wat as skrywer, as joernalis en as parlementslid, nog ver nie vir wat hy vir die Afrikaanse taal gedoen het, na verdienste waardering ontvang het nie. Toe ons ander nog geslaap het, was Jannie de Waal wakker; toe ons van tyd tot tyd moeg geword het, het hy volhard, konsekwent van sy jong dae af, sonder berekening van voordeel of nadeel vir sy beroep of vir sy ambisie, het hy vir Afrikaans geywer. Dit is vir my hier 'n voorreg om te erken dat hy in die Volksraad voortgebeur het toe ek, destyds sy kollega daar, teëgehou het." (1)

--------------- o 0 o ---------------

---

(1) Aandeel, p.40

# BIBLIOGRAFIE.

Afkortings gebruik in voetnote.

1. ,,De Goede Hoop" (1903 tot 1914)....................D.G.H.
2. ,,Ons Land" (nommers in voetnote aangedui) ..........O.L.
3. ,,Die Burger"(Augustus en September 1921) ...........D.B.
4. ,,Die Huisgenoot" (September en Oktober 1921) .......D.H.
5. J.H.H. de Waal: ,,My Herinnerings van ons Taalstryd," Nas. Pers, Bpk., Kaapstad. (1932) ............. Herinnerings
6. E.C.Pienaar: ,,Die Triomf van Afrikaans," 2e druk, Nas. Pers, Bpk., Kaapstad. (1946).................. Triomf.
7. E.C. Pienaar: ,,Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging," 3e druk, N. Pers, Bpk., Kaapstad.(1926)..----
8. P.C. Schonees: ,,Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging," 3e druk, J.H. De Bussy, Pretoria.(1939)...Prosa.
9. Dr. G. Dekker:,,Afrikaanse Literatuurgeskiedenis," 3e druk, Nas. Pers, Bpk., Kaapstad. (1941) ..........---.
10. ,,The Cape Times" (Mei 1902) ......................... C.T.
11. J.H. Hofmeyr:,,Is 't ons ernst?" (pamflet) ..........---
12. G.S. Preller:,,Laat 't ons toch ernst wezen!"(pamflet) ---
13. C.J.J. Langenhoven:,,My Aandeel aan ons Taalstryd," 3e druk, Nas. Pers, Bpk, Kaapstad. (1935)..........Aandeel.

---------------------------//-------------------------